



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 4/15
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Dorha Dam-projek: Erfenis Wes-Kaap het laat weet dat die provinsiale Minister van Waterwese sy goedkeuring aan die naamsverandering gegee het, dit onderteken en aan die Nasionale Minister van Waterwese voorgelê het, op wie se handtekening en bekendstelling in die Staatskoerant ons nou wag. Hou goeie moed. Bedink solank 'n betekenisvolle seremonie saam met uitgesoekte gaste en die media, teen die berghang bokant Grabouw.

Komiteelid Piet Westra: Piet, ons gewese voorsitter en tans komiteelid van die Stigting, het die afgelope week sy linkerbeen verloor. Hy is een van die werklik groot dryfkragte op ons komitee en ons wens hom 'n herstel van gesondheid en aktiwiteit toe. Ons hoop om dieselfde ou Piet terug te kry.

Lesings en Uitstappies. Opvoeding is ons Stigting se hooftaak. Teken asb. die volgende lesings of uitstappies aan en woon dit by, met vriende en familielede? Almal is welkom.

***'Die Toekoms van Nederlands-Suid-Afrikaanse Erfgoed.'**

Benjo Zwarteveen is 'n MSc ('*Architecture, Urbanism and Building Science*') student aan die Tegniese Universiteit van Delft. Na sy studie word hy boukundige ingenieur, of as hy wil, argitek. Sy graadprojek bestaan uit 'n navorsings-element en 'n ontwerp-element in die verhouding van 12/45 studiepunte (Europese krediete.) Sy projek is dus 'n klein tesis wat 'n ontwerp-projek voorafgaan. Die hele projek sal minimaal één jaar duur, dus tot Februarie 2016.

'In het onderzoek wil ik schrijven over het Nederlands-Zuid-Afrikaanse erfgoed en wat de toekomstwaarde hiervan kan zijn, in een land waarin de aandacht voor koloniaal erfgoed wellicht steeds minder wordt. Het Kasteel is hierin misschien niet het beste voorbeeld van betwist erfgoed, maar ik kan ook schrijven over bijvoorbeeld het veranderen van vele plaatsnamen in Zuid Afrika, bijvoorbeeld de Khoi-Khoi beweging met hun eigen naam voor Kaapstad. Ook zou ik het Voortrekkermonument, Robbeneiland, District Zes, en de standbeelden in de stad onderzoeken, en bevragen hoe de Zuid-Afrikanen hun geschiedenis herdenk en hoe dit in de toekomst zal gaan.

In het ontwerpgedeelte wil ik het Kasteel herontwerpen, uiteraard met veel respect voor de historische waarde van het object. Ik vraag me af of een verandering van functie, of een

meer divers gebruik van het gebouw een manier zou kunnen zijn om de gehele gemeenskap gebruik te laten maken van het gebouw. Nederland is gek op zijn musea en bijvoorbeeld het Rijksmuseum en Scheepvaartmuseum zijn voorbeelden van conserveringsprojecten die veel culturele effecten hebben. Ik weet niet of dit in Zuid Afrika ook zo zal zijn, maar ik kan wellicht helpen met mijn ervaring vanuit Europa.'

Kom luister na hierdie onafhanklike en objektiewe spreker. Toe hy hierdie konsep aan my gestuur het, het die oproer oor die Rhodes-beeld by U.K., wat die massa-vandalisme landswyd aan die gang gesit het, nog nie begin nie. In die huidige omstandighede is sy ondersoek van duidelike belang vir Suid-Afrika, en maak hy miskien vir ons Stigting 'n venster op die toekoms oop.

Om 10:30 op Saterdag 9 Mei 2015, by Huis der Nederlanden. Koffie en tee (eie rekening.) Volop gratis parkering.

'Probleme en Oplossings rondom Plekname.'

Prof. B. Neethling dien op Erfenis Wes-Kaap se Geografiese Plekname-komitee en is ook bestuurslid van die S.A. Naamkundevereniging. Wat is die doel en funksie van bogenoemde twee organisasies, en hoe kan 'n bewaringsgroep met 'n historiese belang, soos Stigting VOC, nuttig met hulle saamwerk? In dié provinsie bestaan daar honderde plekname wat verder as drie eeue na die VOC se *wildschuttenboek* (jaglisensies) en weilisensies in die Kaapse Argief terug gevoer kan word. Ons is juis nou in 'n naamgewingstryd met die Stadsraad betrokke. Hier is 'n geleentheid om oor plekname (histories en modern) en amptelike beleid te hoor wat u nog altyd wou weet. Bring asseblief goeie vrae en interessante voorstelle saam.

Om 10:30 op Saterdag 23 Mei 2015 by Huis der Nederlanden. Koffie en tee (eie rekening.) Volop gratis parkering.

*Ons erelid, medaljewenner en bekende bewaringsjoernalis Martiens van Bart praat op Saterdag 27 Junie 2015 oor '*Vergete en Versteekte skatte van Jan van Riebeeck.*' Martiens voorsien die volgende inligting: 'Die onderwerp sluit artefakte in soos die olieverf-portret van Van Riebeeck wat in Batavia geskilder is pas nadat hy die Kaap verlaat het. Ook oor die 'Stoel van Van Riebeeck,' wat De Mist van Knysna-stinkhout laat maak het om in die Burgerwaghuis as voorsitterstoel te dien, toe Kaapstad die eerste keer tot munisipaliteit verklaar is. Daar is ook ander Van Riebeeck-verwante artefakte wat nou in pakkamers weggesteek word, onder meer Anton Anreith se heraldiese skild van Kaapstad, gedurende die tyd van die Bataafse Republiek gemaak.' Martiens het foto's van die meeste artefakte geneem, en sal dit vertoon terwyl hy vertel. Hy het altyd iets buitengewoon om aan te bied.

Om 10:30 op Saterdag 27 Junie 2015 by Huis der Nederlanden. Koffie en tee (eie rekening.) Volop gratis parkering. Op die dag is daar ook weer Hollandse Mark (kaas, stroopwafels, krokette, soutdrop, ens.), en in die namiddag vergader die Inheemse Bolkwekers Vereniging by HdN.

(By 'n volgende geleentheid vertel Martiens ons van die Kaapse Koina se "Oesfees van die Wilde Amandels," wat beloop om 'n rare stuk kultuurgeskiedenis te dek. Onder Noord-Amerikaanse inboorlinge se moderne nakomelinge is daar ook 'n gebruik om in die herfs, wanneer die wilde bessies

ryp is, uit die hele VSA na hulle voorvaderlike jaggebied te gaan om weer bessies te pluk, mekaar te ontmoet en te sosialiseer.)

Louis Michel Thibault, 1750-1815. Dit is vanjaar 200 jaar dat Thibault op 3 November 1815 oorlede is. Kaapstad was geseën om hierdie besondere kunstenaar -o.a. argitek en kartograaf - 'n paar dekades lank te huisves. Aan die einde van sy leeftyd was Kaapstad 'n besonder mooi dorp. Hy het dramatiese tye van omwenteling beleef en nie nagelaat om dit te beskryf nie. Lees oor hom in H.R. de Puyfontaine: *Louis Michel Thibault, 1750-1815. His life at the Cape*. Cape Town, 1972, en die vyf-en-'n-half kolomme wat die *S.A. Biografiese Woordeboek*, deel 1, aan hom wy.

Vir die vierde kwartaal vanjaar, omstreeks November, benodig Stigting VOC 'n geïllustreerde lesing oor Thibault, die groot ontwerp-tekenaar van die VOC-tyd. Ons beplan om dit in die koerante te adverteer en enigeen uit die Kaapse gemeenskap te nooi. Sal een van ons lede wat in die argitektuur of beeldende kunste opgelei is, asseblief aanbied?

Vergelegen herbesoek.

In 'n vorige *Generale Missive* het ek 'n persoonlike teorie beskryf dat die opstal op *Vergelegen* miskien deel kan wees van 'n reuse kompas wat Simon van der Stel wou neerlê toe hy in 1686 die poshuis Hottentots-Holland beplan het. Die poshuis self vorm die noord-suid as en 'n reguit lyn van die Kasteel af deur die huis tot die top van die Gantouw-pas sou die oos-wes as wees. Dié pas was lank die poort na die Overberg en verder ooswaarts. Ek wou die teorie toets en het hulp gevra by iemand wat die omgewing ken. Lid Dirkie Neethling het sy hulp aangebied. Saam met hom en ondervoorsitter dr Scheffler, kompas en verkyker in die hand, het ons die saak ondersoek. Ons het die kompas op *Vergelegen* se drumpel neergelê: Die huis se fondament lê soos ek vermoed het, presies noord-suid, en dit sal nie toevallig wees nie. Die teorie faal wanneer die oos-wes lyn getoets word. Dirkie het, met die hulp van panoramiese foto's en kaarte, aan ons bewys dat die mik op die bergtop op die oos-wes as, wat ek gedink het Gantouw-pas is, 'n ander kloof is. Gantouw-pas lê inderdaad kilometers verder suid en van *Vergelegen* af is dit ook agter die Schapenberg versteek. Dankie, Dirkie.

Nog iets interessant bly oor om ondersoek te word: Op watter dag kom die son in daardie mik op om by *Vergelegen* se voordeur in te skyn? Dink aan die piramides van Sentraal-Amerika en Egipte, en aan Stonehenge. Van der Stel se ontwerp was '*na de regels der wis-en bouwkunst*.' Wat kan dit nie alles beteken nie?

NS: Sommige navorsers is onseker oor wat met *Vergelegen* se geboue gebeur het nadat goewerneur W. van der Stel afgedank is. Eerste om te onthou is dat Here XVII die buitepos teruggêeis het, omdat hulle nooit toestemming gegee het dat dit aan Van der Stel gegee mag word nie. [G. McCall Theal (red.): *Belangrijke Historische Dokumenten...*, deel III, pp. 8-9.] Die Kaapse Politieke Raad het besluit om Here XVII se bevel om die groot opstal af te breek en alles anders op te veil, te laat wag ('*gereserveert blijven*'), tot die aangewese goewerneur, Van Assenburg, opdaag. (VC18 Dagregister, 13.12.1707, p.380.) Alles bly behoue; twee jaar later is daar 'n noukeurige beskrywing van die geboue op die plaas in die Dagregister (VC 19 Dagregister, 20.8. 1709, pp.272-274.)

Bidkapel in die Kasteel: 'n agtergrond. Wanneer die opknappingswerk aan die Kasteel aanstaande jaar klaar is, maak ons interkerklike bidkapel sy deure oop, en is nog een van ons Stigting se projekte afgehandel. Ter voorbereiding van die geleenheid het ek na die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde kerkgeboue binne die Kasteel gekyk. Die 'kat' in die

Fort (wat op die hedendaagse Parade gestaan het, waarin van 1652 tot 1666 gepreek is, laat ons buite rekening.

Op 25 September 1665 is begin om die terrein wat vir die nuwe vesting uitgesoek is, gelyk te maak, gate te vul, bossies uit te skoffel, ens. Op die punte van die oop vyfhoek wat vir die Kasteel uitgemeet is, is pale met wimpels geplant en in die middel het 'n vlagpaal met die landsvlag gestaan. Op 16 November is begin om 'n groot loots in die beplande binnehof op te rig, wat as werkswinkel en pakhuis vir gereedskap, kruiwaens ens., moes dien en waar die bouers teen reën kon skuil.(1) Kommandeur Wagenaar merk op dat die 'kat' in die Fort te klein geword het vir die groeiende gemeente, en dat die nuwe loots groot genoeg sal wees om ook as kerk te dien. Die loots is 96 voet lank en 33 voet breed, met 'n rietdak, 'n klipvloer en ook 'n voorgewel van klip. Later kry dit 'n plafon van baaldoek (goingsak?), wat wit gekalk word. Hulle vind dat die bougereedskap maar een kwart van die loots in beslag neem; die orige driekwart word 'n ruim vergadersaal, groot genoeg vir 1000 mense.

Voordat die kerk ingewy is, word daar al gemeentelêde onder die vloer begrawe: Op 13 Januarie 1666 ds Van Arckel, op 14 Januarie die seuntjie van raadslid Abraham Gabbema, op 16 Junie Maria aux Brebis, kommandeur Wagenaar se vrou, onder andere. Op 22 Mei 1666 skryf die kommandeur aan Here Sewentien dat hy 'n preekstoel, stoele en banke laat maak het, en vra om twee silwer drinkbekers en 'n skottel vir die nagmaal en 'n diep doopbak. Ds J. de Vooght hou op Sondag 4 Julie 1666 die inwydingspreek.(2) In die volgende dekade word meer mense, almal gedooptes, onder die loots se vloer begrawe, insluitend Krotoa, die Koina vrou wat die voormoeder van vele Kapenaars sou word.


Bouwerk aan die Kasteel gaan voort. Vyf bastionne word opgerig, wat met soliede mure ('gordyne,' Fr.: *courtaine*.) verbind word. Vir die kommandeur, wat steeds in die 'kat' in die Fort woon, word 'n nuwe ampswoning in die middel van die gordyn tussen bastionne *Leerdam* en *Oranje* beplan. Dié huis lê teenoor die Kasteel se ingang, vandag die ingang tot die Militêre Museum. Die voorkamer sal as raadsaal, justisiesaal en kerk dien. Die Dagregister vir 26 Desember 1674 meld dat aan die nuwe kerk gewerk word met die gedagte om op die eerste dag van die nuwe jaar 'n diens daarin te hou. Die Dagregister vir 1675 ontbreek; dit is dus onseker of dit wel gebeur het. Die Kasteel nader voltooiing en die loots is nie langer nodig nie. Wanneer die nuwe voorkamer/ raadsaal / kerk gereed is, word die loots gesloop en die gebeente onder die vloer opgegrawe vir herbegraving.

Vir 'n toekomstige kerk en kerkhof laat goewerneur Bax van Herentals op 16 Desember 1677 'n deel van die Kompanjiestuin wat nie langer gebruik word nie, opmeet. (Dit is die huidige N.G. kerkterrein aan die bopunt van Adderleystraat.) 'n Behoorlike kerk sal later daar opgerig word. In die Raadsbesluit is sprake van ommuring, maar dit gebeur nie.(3) Ten eerste word die pas oorlede ds. P. Hulsenaar in die middel van die beplande kerk begrawe, en in 'n gesamentlike graf, al die beendere wat onder die loots uitgehaal is.(4) Op 9 April 1678 lê goewerneur Bax en twee lede van die Politieke Raad die eerste stene van die beplande kruisvormige kerk. Bax sou drie maande later die eerste gesagvoerder word wat onder die beplande kerk - steeds 'n oop terrein - begrawe word.

Kommissaris H.A. van Reede vind in 1685 dat die beplande kerk nog nie verder as die fondament gevorder het nie, maar dat die saal in die kommandeurshuis tussen bastionne *Leerdam* en *Oranje* steeds goeie diens lewer en 'n amptelike kerk dus onnodig is.(5) Hy gee wel opdrag dat 'n hoë muur van die kommandeurshuis se deur af tot oorkant teen die bastion *Catzenellenbogen* gebou word om die Kasteel se binnehof in 'n voor- en agterhof te verdeel. Binne hierdie konstruksie sal 'n nuwe woning vir die kommandeur gebou word, met 'n raadsaal, kerk, kantore vir die sekretariaat en groot pakhuis.

Met die voltooiing van die dwarsmuur teen ongeveer 1695 verlaat goewerneur S. van der Stel sy ou woning en betrek die nuwe. Sy gewese woning, waarin ons toekomstige bidkapel sal wees, word nou 'de oude kat,' en sy nuwe, met raadsaal en kerk, 'de nieuwe kat.' Op 'n

kaart van 1695 in die Kaapse Argief is die uitleg van die verskillende vertrekke duidelik te sien. Die kerk was die groot vertrek wat jy van die pui af betree. Die volgende, kleiner vertrek was die raadsaal.(6) Die eerste diens in die ‘*nieuwe kat*’ word op Pinksterdag 22 Mei 1695 gehou, en dit sal ongeveer ’n dekade lank as kerk gebruik word. Die bekende reisiger en VOC-historikus ds. F.Valentyn het by geleentheid daar gepreek.(7)



Die Kasteel, E.v.Stade, 1710. Die ‘*oude kat*’ is nrs 39-40. Die ‘*nieuwe kat*’ is nrs 49-50.

Die Kaapse predikant, ds Petrus Kalden nader in Maart 1699 die besoekende kommissaris D. Heins insake die oprig van ’n kerkgebou in die dorp, waarvoor grond reeds toegeken is en waar ’n kerkhof reeds bestaan. Die rede is dat die gemeente te groot geword het vir die raadsaal in die Kasteel. Kommissaris Heins keur hul versoek goed en beveel dit by die Politieke Raad aan.(8) Die Raad, onder voorsitterskap van goewerneur W. van der Stel, keur die versoek op 21 Julie 1699 goed.(9)

Kerkdienste in ‘*de nieuwe kat*’ gaan voort terwyl bouwerk aan die kerk langs die slawelosië aan die bo-punt van die Heerengracht begin. In Oktober 1699 word ’n bouer gekontrakteer om ’n muur om die perseel te bou. In November 1700 word gereedskap gekoop om die ou kruisvormige fondament, wat te klein en swak is, op te breek. Waarskynlik kom die verskuiwing van gebeentes weer in gedrang. Op Dinsdag, 28 Desember 1700 lê goewerneur W. van der Stel die eerste steen vir die nuut-ontwerpte, agtkantige kerk. Die voltooide kerk word op 6 Januarie 1704 feestelik ingewy.(10)



Die kerk van 1704, in 1832 gesloop.

(Elliot-versameling, Kaapse Argief.)

Daarmee verlaat die Gereformeerde Kerk die Kasteel, maar Kasteel de Goede Hoop bly nog eeue lank as militêre kaserne in gebruik en kerkparades word tot vandag daar gehou, soos deur Regiment W.P (*sic*), op die eerste Sondag in April, jaarliks.

Die pokke-epidemie van 1755 veroorsaak soveel sterftes en besoedeling van die grond met pokke-kieme, dat die begraafplaas om die kerk gesluit moet word. 'n Nuwe kerkhof, by die soldatekerkhof en slawekerkhof by die Duintjies buite die stadsmuur, word aan die kerk gegee. Dit word later Somerssetweg-begraafplaas genoem. Moslems word al in 1720 in die sogenaamde Maccassars-kerkhof, waarskynlik in die omgewing van die klipkuil in Leeuwenbil se hang, begrawe.(11)

Die laaste om ná goewerneur Tulbagh (1772), onder die kerkvloer op die Heerengrachtperseel begrawe te word, is die aangewese goewerneur Pieter baron Van Reede van Oudshoorn in 1773. Sy versierde grafdeksteen is in die herboude NG Kerk se buitemuur gemessel.

(1) A.J. Böeseken (red.): *Dagboek en Briewe van Z.Wagenaar, 1662-1666, pp.240-241, 245.*)

(2) *Ibid.*, pp. 245, 269; *Ibid.*, Z. Wagenaar-Here XVII, 22.5.1666.)

(3) A.J. Böeseken (red.): *Resolusies van die Politieke Raad*, deel II, p. 217.

(4) H.C. Hopkins: *Die Moeder van ons Almal*. (Kaapstad, g.d.) p. 48. Geen bron vir die stelling word verstrekk nie.

(5) A. Hulshof (red.): *H.A. van Reede: Journaal van zijn verblijf aan de Kaap*, Utrecht, 1941. p.198.

(6) VC 243 Plan van geboue teen dwarsmuur, 1695. Kaapse Argief.

(7) F.Valentijn: *Beschrijvinge van de Kaap der Goede Hoope...*, VRV II, 4., p. 280.

(8) A.J. Böeseke (red.): *Memoriën en Instructiën, 1657-1699*, Rapport van D.Heins, 26.10.1699, p. 241.

(9) A.J. Böeseke (red.): *Resolusies van die Politieke Raad*, deel III, p. 348.

(10) H.C. Hopkins: *Die Moeder van ons Almal*, pp. 53-54.

(11) C339 Attestatiën: Verklaring..., 1720, pp. 224-230.

Uit die Argief: Oorgawe van die Kaap, 1795.

Die volgende is 'n vertaalde uittreksel uit 'n ongedateerde dokument van Egbertus Bergh, ongeveer 1801 in Europa geskryf. Egbertus was die broer van 'n gewese landdroos van Stellenbosch wat as gevolg van sy patriotiese simpatie met die Kaapse burgers, in 1779 saam met drie ander afgevaardigdes 'n petisie teen goewerneur Van Plettenberg se regering Nederland toe geneem het, om dit aan Here Sewentien voor te lê. Lees oor dié beweging in C. Beyers: *Die Kaapse Patriotte*. Pretoria, 1967.

Egbertus was tydens die eerste Britse Inval (Junie-Sept. 1795) die Kompanjie se kassier, lid van die Politieke Raad en 'n offisier in die Korps Pennisten, 'n burgermag-eenheid van 130 klerke uit die Kasteel se kantore, onder bevel van majoor (raadslid) William Ferdinand van Reede van Oudshoorn, lord Hunsdon. Hul taak was om Kasteel de Goede Hoop teen die vyand te verdedig. Hy skryf 'n uitgebreide voorstel aan die Franse regering, hoe 'n gesamentlike Frans-Spaans-Portugese vloot en landmag die Kaap van die Engelse besetters kan terugneem.

Insake die Engelse oorname van September 1795 skryf hy: *'Die verdedigingswese was, soos gesê, op sigself goed, maar die lafhartigheid, trouloosheid en verraad van die hoofde, waarby gevoeg word die gebrek aan beleid en onkunde by die offisiere, het vrees en twyfel veroorsaak dat alle middele ontoereikend sou wees.*

Dit is geen wonder dat daar by die koms van die Engelse misnoeë, veragting van die regering, versmading van die wet en wantroue, gepaard met 'n groot verlange na uitkoms, onder die verskillende klasse inwoners voorgekom het nie. [...] Toe dit bekend word dat die vyand wat hulle bedreig Engelse en nie Franse was nie, het hulle (die publiek, Red.) ten spyte van hul besware teen die Kompanjie, amper eenparig besluit om die land te verdedig, en die Kompanjie se verdrukking verkies bó die Engelse se aangebode vryhede en voorregte. In ag genome die geringe mag waaroor die vyand by sy aankoms beskik het, kon die verdedigers die aanval deeglik afslaan en hulle (d.i., die Engelse, Red.) dwing om hulle oor te gee of skeep te gaan en die land te verlaat.

Maar dit was nie die doel en oogmerk nie, nie van die hoofgebieder (d.i., kommissaris Sluysken, Red.) of van die militêre hoof (d.i., kolonel Gordon, Red.) en hulle aanhangers aan wie groot belonings beloof is as hulle die oorgawe sou bevorder, nie. Die Kaap moes dus kunsmatig in die rigting van die Engelse gewerk word, soos dit ook sigbaar gebeur het. In stede van die Engelse aan te val en te verslaan terwyl hy nog swak was, is 'n langgerekte verdedigende oorlog gevoer totdat aansienlike versterking aangekom het, waarna insubordinasie en wanorde gevolg het. Verdere verdediging het skynbaar onmoontlik geword, waarna kapitulasie van dié belangrike besitting (d.i., die Kaap, Red.) gevolg het, sonder dat die sterkte van ons Linie getoets is of ons soldate hul plig behoorlik kon doen.' (1)

Die militêre en politieke omstandighede wat hier beskryf word en tot die kapitulasie gelei het, is nog skaars ondersoek. Die standaard verduideliking, soos weer in P.Cullinan: *Robert Jacob Gordon, 1743-1795* (2) aangebied, is dat die plaaslike offisiere Oranje-gesind was, maar as so 'n situasie objektief beskou word, skeep dit meer vrae as antwoorde. Kaptein Dekker en sy offisiere van die fregat *Medemblik* in Simonsbaai was sterk Oranje-gesind, tog is hulle nie deur die Engelse geïntimideer nie. Waarom het Sluysken en Gordon nie die State-generaal se ontheffing van Oranje gerespekteer nie? Waarom het Gordon nie sy plig volgens sy eed

gedoen, die Kaap verdedig en sy troepe gelei nie? As hy nie wou veg nie, waarom nie normaalweg sy kommissie neergelê en uit die diens bedank nie? Waarom hom aan verraad skuldig maak? Waarom het hy nie die verdediger se enorme voordeel t.o.v. terrein, getalle en bevoorradings benut nie? Waarom 'n afgesette prins respekteer as hy nie sy eie regiment, sy onmiddellike plig en die Kaapse volk respekteer nie? Raadslid Bergh praat van omkoopgeld. Ons moet objektief bly. Wat het werklik daar gebeur?

L.M. Thibault, destyds 'n kaptein-ingenieur in die Kaapse garnisoen, skryf hieroor (my vertaling, Red.): *'Ek het hier politieke streke van sulke agterbakse perversiteit, onmenslike skemas so brutaal versin, listigheid so slu, onreg in stilte gepleeg, sulke diep komplotte en openlike roofsug dat ek, stom van verbasing, skaars kan glo dat iets soortgelyk elders in die wêreld kan bestaan.... Ek het hulle sien foute begaan en het nie die gesag gehad om dit te verhoed nie. Ek is onderdruk, verag, verkleineer; my misdaad was dat ek oë gehad het om mee te sien.... Ek kon nie die stelselmatige teenstand van kolonel Gordon, wie se karakter en die omvang van sy militêre kennis aan my bekend is, vermy nie.... Ek het by die goewerneur (dit is, kommissaris Sluysken, Red.) gepleit om my nie te dwing om met 'n man te werk wat wil hê dat ek 'n aandeel het aan foute waarvoor hy nie sou huiwer om my te blameer nie.*(3)

Waarvan praat die man? Die laaste drie jaar, na Hoë Kommissaris Nederburgh en Frijkenius se vertrek, lyk vir my 'n skemer wêreld. Dit is duidelik dat dinge gebeur het wat nie in argiefstukke weerspieël word nie, maar in private korrespondensie lees jy daarvan. Dit kom voor asof almal die skrif aan die muur gesien het, en daarna was dit elkeen vir homself. Wat het werklik hier gebeur? Kassier Bergh skryf o.a. dat geld uit die Kompanjie se geldkis geneem is terwyl hy op aktiewe diens met die Korps Pennisten was.(4)

-
- (1) G. McCall Theal (red.): *Belangrijke Historische Dokumenten...*, deel III, pp.119-120. Londen, 1911.
 - (2) P.Cullinan: *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*. Cape Town, 1992.
 - (3) H.R. de Puyfontaine: *Louis Michel Thibault, 1750-1815. His life at the Cape*, pp. 2,5,6. Cape Town, 1972.
 - (4) G. McCall Theal (red.): *Belangrijke Historische Dokumenten...*,p. 93.

***Kamer Antwerpen** laat weet dat hulle op 5 Mei die Rubens Huis in Antwerpen besoek, waar 'n uitstalling ('*Rubens Privé*') van sy familieportrette nou te sien is. Op 6 Junie besoek hulle Mons, die kulturele hoofstad van Europa in 2015, en een van die verskriklikste slagvelde van die Eerste Wêreldoorlog. Kamer Antwerpen se ledegeld staan al 13 jaar lank op Euro (**NB simbool?**) 25,00 per persoon per jaar. Praat van waarde vir jou geld.

***Iets vir die Komitee?** Die Bestuurskomitee vergader weer op Dinsdag, 25 Mei in die Kasteel. Enige lid wat iets belangrik vir die Agenda wil voorstel, of dit persoonlik aan die Komitee wil voordra, kan sekretaris Rudolf Rode skakel. (e-pos hierbo)

***Ligbruin pet by AJV gelaat.**

Vir die tweede maal: 'n Ligbruin pet met die logo '*Brauhaus Swakopmund*,' moontlik 'n aandenking aan 'n uitstappie op 'n droë, warm dag in die Namib, wat by die Algemene Jaarvergadering in die Kasteel op 19 Maart agter gelaat is, is nog onopgeëis. Skakel asb. die afsender by haar e-pos adres.

Behouwe vaert, Slamet jalan
D. SLEIGH (REDAKTEUR)
28 April 2015